# Cody se groot avontuur




Skrywer: Gizelle Styger



Op n sonnige Saterdagoggend
gaan Lisa en haar ma na die
troeteldierwinkel vir 'n baie spesiale
rede. So lank soos sy kan onthou, wou
Lisa 'n beste maatjie hê.
Sy sien toe die klein wit en bruin
hondjie
met groot nuuskierige ogies!
Dadelik weet Lisa sy het haar beste
maatjie
gevind en sy naam is Cody.





By die huis snuffel Cody orals rond.
In die tuin.
Onder die bank.
En selfs in die wasmandjie!
Lisa wys Cody sy nuwe mandjie en sy sagte kombersie en gee vir 'n hom skoon bak water.
Maar nie eers oomblik later nie...
plons, daar val Cody in sy bak water!
"Cody jou snaakse hondjie," sê Lisa terwyl sy laggend Cody droog maak.



Vroeg in die oggend word Lisa deur Cody se opgewonde soene wakker gemaak.
Watter geluid was dit?
Is dit Cody se maag wat so grom?
Lisa kry dadelik Cody se gunsteling hondekos en skoon bak water.
"Cody jy het elke dag gesonde kos en vars water nodig," sê Lisa terwyl sy Cody se bak water neer sit.





Cody is ‘n besige hondjie wat al te lekker heeldag in die tuin speel.
Hy speel met sy bal, hardloop in die hele tuin rond en probeer selfs sy eie stert vang!
Maar soms kry sy besige maniere hom in die moeilikheid.
“Cody! Nee!” Roep Lisa toe sy die groot gat in die tuin vind, maar sy kan net vir ‘n paar sekondes kwaad bly vir Cody.



In die middag na Cody se lang opwindende speeltyd word hy uitgeborsel en skoon gemaak.
Nou is Cody se pels weer blink en skoon.
Sy pote, tande en ore word ook mooi skoon gemaak en nou lyk hy pragtig!
“Cody jy lyk en ruik nou soos ‘n blom!” sê Lisa vir Cody spottend.



Later die middag speel Cody en
Lisa op die gras.
Lisa gooi die bal en Cody
hardloop blitsvinnig agterna.
Maar na lank gewag kom Cody
nie terug nie!
"Cody waar is jy?" roep Lisa
angstig.
Waar is Cody?







Mia soek om elke hoek en draai
vir Cody -
agter die bome,
tussen die plante
en selfs onder die motor.
Maar daar is geen teken van
Cody nie!
Die straatligte begin skyn en Lisa
se oë is al bloedrooi en vol trane.
Lisa wonder of sy ooit weer haar
geliefde Cody gaan sien.
Net toe hoor sy 'n geluid agter 'n
groot boom.



Daar is Cody!
Mia hardloop na Cody waar sy halsbandjie aan ‘n plant vashaak.
“Ai Cody, ek was so bekommerd,” sê sy terwyl sy hom styf vashou.
Cody lek haar gesig asof hy probeer jammer sê.

Daardie aand maak Lisa Cody se halsbandjie reg en sit 'n naamplaatjie aan die band. "Nou weet almal wie jy is as jy weer op avonture wil gaan," sê sy met 'n glimlag.

Lisa besef daardie aand om 'n hond te hê is nie net speletjies nie, maar dit beteken ook dat jy hom veilig, skoon en gesond moet hou. Dit is 'n groot verantwoordelikheid. Sy belowe om altyd mooi na Cody om te sien.



Lisa moet elke dag vir Cody
hondekos voer,
skoon water gee, hom
uitborsel en skoon maak. Sy
moet ook aan hom aandag
gee en saam met hom speel.
Hulle is beste maats!
Na die groot skrik bly Cody
altyd naby Lisa wat hom
veilig te hou.

Op 'n sonnige dag lê Lisa en
Cody rustig onder 'n
groot boom.
"Cody jy het my regtig
geleer wat liefde en sorg
beteken," glimlag sy.
Cody se stert waai woes en
hy maak sy oë toe, gelukkig
in sy huis vol liefde en omgee.




Die Einde